ONTMOET DIE

*Deur dr Japie van der Westhuizen*

# TRAILBLAZERS

# Die faktore wat baanbrekertelers van die res onderskei

Hierdie mening spruit uit 'n plaaslike en internasionale professionele veekundige loopbaan van 44 jaar.

SA Stamboek het onlangs verwys na vyf belangrike dinge wat die organisasie nastreef en op die voorpunt plaas. Dieselfde tipe onderskeiding kan gemaak word om baanbrekertelers te tipeer. Waaraan word hierdie baanbrekers, of dan *trailblazers*, geken?

'n Baanbrekerteler besef dat, ongeag die sukses wat behaal word, hy of sy nie alle kennis in pag het nie. Dié tipe teler bly daarom ingelig, luister en leer. Prof Jan Bonsma het verwys na die ewige student wat uit 'n kabbelende stroom vars fonteinwater drink, versus iemand wat aanmekaar teruggaan na die stagnante poel toe. Omdat die voorlopers leergierig is, het hulle 'n goeie begrip van hoe die lem in die hef steek wat veeteling betref, wat in die bedryf aangaan, en wat die toepassings is vir nuwe wetenskaplike en tegnologiese ontwikkelings.

## Ander hou jou dop

Sodra jy voorloop, is daar outomaties ander wat jou doen en late dophou, krities evalueer en selfs nastreef. Die suksesvolle toepassing van die regte teelbeleid en die teeldiere wat aan medetelers en kommersiële produsente beskikbaar gestel word, illustreer die waarde van hierdie telers. Hierdie telers se produkte maak 'n positiewe verskil aan die volhoubare winsgewendheid by die produsente wat dit gebruik. Die produk kom dus met 'n waarborg en gemoedsrus.

Dit is logies dat 'n baanbreker nie net innoverend is nie, maar ook volhoubaar sy of haar mededingende voordeel behou. Die besef dat teling van produksiediere 'n langtermyn belegging is sorg daarvoor dat hierdie telers baie duidelike en spesifieke teeldoelwitte het en minimum vereistes toepas in die genetiese seleksie van hul teeldiere.

Omdat so 'n teler verstaan wat die verbintenis tussen die bereiking van doelwitte en die hulpmiddels om dit te bereik behels, word enige kompromieë met die nodige omsigtigheid toegepas. Teeldiere wat aangebied word kom dus weliswaar met 'n waarborg vir die koper, wat hom of haar deel maak van hierdie teler se mededingende voordeel.

## Deel jou kennis

Jy kan slegs 'n baanbreker wees as jy bereid is om jou kennis en vaardighede te deel, en jy in die sukses van jou kliënte belê. Saam met 'n uitbreiding van eie kennis, sorg hierdie telers dat hulle bul- en ramkopers duidelik verstaan watter verskil hierdie teeldiere sal maak waar hulle nageslag gaan voortbring. Hulle sorg ook dat hierdie kopers verstaan hoe omgewings- en bestuurspraktyke tot verskille in prestasie bydra en veral die doeltreffendheid van produksie tussen plase en gebiede waar met vee geboer word.

Baanbrekers is toekomsgerig en belê dus in die toekoms. Omdat hulle dit hul erns maak om die bedryf te verstaan, hul kliënte ken, weet hoe die wetenskap en tegnologie werk, en ook weet dat niemand in isolasie dinge kan doen nie, belê hulle tyd, energie en hulpbronne in die toekoms. Hulle is by plaaslike, nasionale en selfs internasionale liggame betrokke wat die belange van hul bedryf op die hart dra en veral sorg vir die volhoubaarheid daarvan.

Hulle onderskei ook duidelik gemeenskaplike belange van eie belange. Selfs waar hulle van sienswyse met individuele rolspelers en organisasies mag verskil, vorm dit nie 'n belemmering om positief by te dra om die veebedryf vorentoe te vat nie. Die een enkele belangrike aspek is die belegging in menslike hulpbronne wat die aflosstokkie moet oorneem by die huidige generasie en om eie Suid-Afrikaanse kapasiteit te bou, ook vir navorsing en ontwikkeling.

## Benut hulpbronne beter

Enigeen wat verstaan hoe genetika en teling werk, sal weet dat een plus een selde presies gelyk is aan twee. Verder is dit ook bekend dat variasie die basis van suksesvolle seleksie is. Alhoewel mense se menings verskil en verskillende uitkomste verwag kan word waar dieselfde taak deur verskillende mense aangepak word, wys die baanbrekertelers vir ons wat gedoen kan word as dieselfde hulpbronne beter benut word.

'n Liefde vir landbou, spesifiek veeboerdery, met die klem op teling is sekerlik die eerste vereiste. Fyn waarneming en die suksesvolle samevoeging van feite dra tot die sukses van telers by. Baanbrekers omring hulle met die regte kundiges en het die kuns bemeester om met onderskeiding die regte raad te volg, en dit veral toe te pas. VP

Vir meer inligting, stuur 'n epos aan dr Japie van der Westhuizen by japie.vdw@gmail.com.